PIET BEUKES
*The religious Smuts*
Cape Town & Johannesburg: Human & Rousseau
1994
111pp.
R49,99
ISBN 0-7981-3189-6

TREWHELLA CAMERON
*Jan Smuts: An illustrated biography*
Cape Town, Johannesburg & Pretoria: Human & Rousseau
1994
192 pp.
R125,00
ISBN 0-7981-3343-0

'n Nederlandse historikus het onlangs opgemerk dat die einde van apartheid daartoe gaan bydra dat Smuts se belangrikheid as Suid-Afrikaanse staatsman van wêreldformaat opnuut onder die soeklig sal kom. Dit is 'n uitspraak wat 'n mens laat nadink, maar een waarmee ek my nie kan vereenselwig nie. Die toekomstige politieke geskiedskrywing oor Suid-Afrika sal myns insiens sterker as in die verlede op die oorsake en ondergang van wit heerskappy fokus. En in dié proses sal Smuts, net soos Hertzog en ander Afrikanerleiers, as eksponent van blanke oppergesag voorgestel word. Smuts word toenemend geassosieer met 'n era wat verby is en wat vir Suid-Afrika in die geheel min heil gebring het.

Tog bly die belangstelling in dié man voortleef. Sedert die befaamde Hancock-biografie het verskeie herwaarderings en hervertolkings van Smuts verskyn, onder meer deur Bernard Friedman en Kenneth Ingham. Akademiese verhandelinge oor aspekte van sy loopbaan deur onder andere Martin Trümpelmann, J.T. (Trewhella) Cameron en A.J. Posthuma het die lig gesien. Piet Beukes het met 'n drietal werke Smuts se komplekse persoonlikheid en intellek van nader betrag. Feitlik gelyktydig met die onlangse verskyning van sy oorlogsdagboek gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog (geredigeer deur S.B. Spies en Gail Nattrass) het ook 'n fotobiografie deur Trewhella Cameron verskyn.

Piet Beukes se *The religious Smuts* is die laaste van 'n trilogie oor Smuts. Die skrywer, gesoute joernalis, goed onderlê in die filosofie en self 'n Rhodes-student, het Smuts intiem leer ken in die laat-dertigerjare en wou op aanbeveling van die bekende filosoof R.G. Collingwood in die vroeë veertigerjare 'n werk oor Smuts se holistiese filosofie skryf. Hoewel inligtingsbeampte op Smuts se staf, en dus in 'n sekere sin 'n vertroueling van die Generaal, moes Beukes tot sy teleurstelling uitvind dat Smuts glad nie geneë was om oor sy private lewe te praat nie. Derhalwe moes Beukes swaar leun op gepubliseerde dokumente, briefwisseling van Smuts met vriende, asook op ander biografiese materiaal ten einde sy trilogie oor Smuts jare later af te handel.

Soos in *The holistic Smuts* beklemtoon Beukes Smuts se diepe geloof in God en Jesus Christus. Hoewel die Generaal baie selde in die openbaar godsdienstige uitsprake gemaak het, het hy in private korrespondensie (veral met die Gilletts en Alice Clark) by verskeie geleenthede oor sy

godsdiensbelewenis geskryf. Smuts het die lewe van Jesus op aarde ontroerend gevind, terwyl hy ook aangegryp is deur die apostel Paulus. Soos reeds bekend, het hy die Nuwe Testament in Grieks gereeld bestudeer. By geleentheid het hy oor die krag van gebed besin, wat vir hom ook 'n holistiese dimensie ingehou het. 'n Mens kan ook nie help om Smuts, die botanis, ook dikwels as panteïs te leer ken uit Beukes se boek nie.

Nêrens in die boek verneem die leser egter van Smuts se opvattinge oor die tradisionele Afrikaner-Calvinisme of die leerstellinge, liturgie of standpunte van die drie groot Afrikaanse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie. Beukes koppel eintlik Smuts se godsdiens sterk aan sy holistiese filosofie en sy wetenskapbeskouing. Smuts word teen die agtergrond van die New Science geteken en sy belangstelling in die kwantum- en relatiwiteitsteorie dui duidelik op sy veelsydige gees. Skrywer vergelyk hom selfs met latere wetenskaplikes soos Paul Davies, David Bohm, Erwin Schrödinger en Stephen Hawking en maak die stelling dat Smuts in sy *Holism and evolution* reeds in die twintigerjare idees geformuleer het wat meer as vyftig jaar later ooreenstemming toon met dié van toonaangewende natuurwetenskaplikes. Daar sal sekerlik diegene wees wat skerp met Beukes hieroor sal verskil.

Die werk bevat prikkelende gedagtes, maar 'n mens wonder tog of dit slaag as 'n afsonderlike monografie. Volgens Beukes se ontleding was Smuts se godsdienstige beskouinge en sy holisme in 'n groot mate ineengestrengel; daarom kon die materiaal in dié boek myns insiens ewe suksesvol in *The holistic Smuts* (die eerste werk in die trilogie) geïnkorporeer gewees het. Trouens, Smuts se filosofiese bydrae kom in *The religious Smuts* net so sterk na vore as in *The holistic Smuts*.

Trewhella Cameron se fotobiografie oor Smuts lyk met die eerste oogopslag na die tipiese koffietafelboek. Maar by die lees daarvan tref dit 'n mens dat dit meer as 'n mooi boek is waardeur jy graag wil blaai. Vir die leek wat in Smuts belang stel, is dit miskien die werk om eerste te lees. Dit is nie net vlot geskryf nie, maar bied ook 'n verbasend omvattende beeld van Smuts binne sy tydsgewrig — veral as die beperkte omvang in terme van aantal bladsye in aanmerking geneem word. Die skrywer stel Smuts ruimskoots dog oordeelkundig aan die woord by wyse van talle uittreksels uit sy briewe aan familie, vriende en kollegas. Dit helder bepaald die teks op. Verder bevat die boek meer as 400 uitstekende foto's — sommige bekend, ander minder bekend.

Cameron het nie primêre argivale navorsing onderneem nie en maak ook nie daarop aanspraak dat sy met nuwe vertolkings oor Smuts vorendag kom nie. Sy het nietemin wyd gelees uit sekondêre en gepubliseerde primêre materiaal en bepaald van die mees gesaghebbende werke oor die twintigste-eeuse Suid-Afrika wat met Smuts verband hou, onder oë gehad. Moontlik sal sommige historici Cameron verkwalik omdat revisionistiese vertolkings van Smuts se rassebeleid en die klassebasis van sy party nie in die boek neerslag gevind het nie. Hierdie saak bly egter 'n netelige probleem vir 'n biograaf wat sy hooffiguur sentraal moet stel en nie onnodig sy verhaal en ontleding wil versteur deur op sypaaie weg te dwaal nie. Daarby moet 'n mens ook erken dat heelwat van die onlangse hervertolkings nog redelik tentatief staan en selfs omstrede is.

Geen boek is sonder gebreke nie, en ook hierdie fotobiografie het enkeles — wat egter nie te ernstig is wanneer die aard van die werk in ag geneem word nie. Wat my persoonlik gehinder het, is die gebrek aan 'n sinryke, dog kort evaluering van Smuts aan die einde van die boek. Wanneer die oningewyde (dalk buitelandse) leser die boek toemaak, sal hy (of sy) waarskynlik die volgende vraag stel: Wat het die ondankbare Suid-Afrikaners besiel om nie hierdie groot man weer aan bewind te stel met die 1948-verkiesing nie? Cameron se boek sluit af sonder om dié vraag werklik bevredigend te beantwoord. Smuts se finale verwerping deur veral die jonger geslag Afrikaners moes toegelig gewees het. Al het die Verenigde Party steeds heelwat meer stemme as die Nasionale Party getrek in 1948 (soos Cameron tereg opmerk), het die mees gesaghebbende werke oor die politiek van die veertigerjare duidelik aangedui dat die Afrikaners toenemend hul rug op Smuts gekeer het na 1934 en dit was uiteindelik deurslaggewend, veral op die platteland. Cameron het nie erns gemaak met die omvattendheid van Afrikanernasionalisme en sy simbiose met Malan se "Gesuiwerde" Nasionale Party nie. 'n Bondige ontleding van die kragte wat Smuts, die internasionale figuur, in sy eie land verpletter het, sou dié aantreklike boek op 'n nog hoër noot laat eindig het.

J.P. Brits
*Universiteit van Suid-Afrika*